

**29 September**

**In alle opsigte 'n nuwe mens**

**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 15:35-39 (1953-vertaling)**

**Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 15:35**

“Maar iemand sal vra: Hoe word die dode opgewek, en met hoedanige liggaam kom hulle?” Twee dinge is hier ter sprake:

- Die opwekking
- Die opgewekte liggaam

As ons te sterwe kom, word ons begrawe. Terug in die skoot van die aarde. Dit is soos 'n koringkorrel, daar ontkiem dit en 'n plant kom op – nie die korrel wat gesaai is nie. Die plant uit die korrel lyk baie anders, is baie anders.

Die opstanding vind plaas op die eerste dag van die nuwe lewe in Christus. Na die boek van die verlede toegemaak is. God doen deur sy almag die opwekking. Wat wonderbaar is, is dat hierdie verganklike met onverganklikheid beklee word, en so ook met die sterflike. In alle opsigte 'n nuwe mens, 'n nuwe skepsel. Nie meer 'n beeld van die aardse nie – nou 'n beeld van die hemelse (1 Kor 15:49).

En met hoedanige liggaam kom hulle? Met die beeld van die hemelse – verheerlikte liggaam. Nie meer onderworpe aan die kwale en swakhede van die wêreld nie. Aan Christus gelykvormig. Hy wat die opstanding en die lewe is. Ewig jonk en gesond.

Wat van kleinkinders? Dis duidelik dat hulle opstandingsliggaam ook deur God gegee word. Hulle deel, net soos die “groot mens”, in die onverganklikheid en onsterflikheid. Ook hulle kan die martelaarskroon verwerf.

Hulle kom net in hemelse en verheerlikte liggaam, aan Christus gelykvormig. Hy wat uitgenooi het – laat die kinders na My toe kom en verhinder hulle nie – sal ook vir hierdie lammers, klein en groot, sorg dra dat hulle nie minder as die grootmense sy heerlijkheid sal geniet nie. Openbaring 20:12 – “En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan ...”

*Sing: Psalm 84:1-4*

*Ds. JS du Plooy (Emeritus)*